Heiner kan in Tafelbaai vergeet van terugslag

BURGER 13/12/2001

EBEN HUMAN

KAAPSTAD. – "Dit is koud en nat en vinnig. Ek huil as ek daaraan dink," het die Nederlandse seiljagvaarder Roy Heiner gister hier by die Royal Cape-seiljagklub gesê.

Die 41-jarige Heiner was skipper op die seiljag Assa Abloy in die eerste skof van die Volvo-wêreldvaart van Southampton na Tafelbaai. Dat hy toe van die jag afgeskop is, het duidelik seer gemaak.

Die ervare internasionale seiljagvaarder sal egter die volgende paar dae van sy onverwagte terugslag kan vergeet terwyl hy van vandag as skipper seil op Ballyhoo Too in die Vodacom-seiljagweek in Tafelbaai.

"Ek dink hulle het steeds probleme op Assa Abloy," het Heiner bespiegel. Die span het pas weer net sesde geëindig in die tweede skof van die Kaap na Sydney.

Heiner is duidelik baie teleurgesteld om nie meer deel van die aksie te wees nie en dink met verlange aan die diepsee.

"As hulle jou huur, kan hulle jou enige oomblik in die pad steek," het hy heel betekenisvol gesê.

Heiner is in 'n ouetehuis op Theunissen in die Vrystaat gebore. Van sy kinderjare het hy by Port Alfred deurgebring terwyl sy pa betrokke was by die bou van 'n groot dam.

Die Nederlander het seilopleiding gekry terwyl hy sy militêre diens in die Vloot by Simonstad en in Durban gedoen het voordat hy sy graad in ingenieurswese aan die Universiteit van Natal verwerf het.

Heiner het later Nederlandse burgerskap bekom. Ná die eerste skof van die Volvo-wêreldvaart het hy by sy ma in Durban gaan kuier voordat hy terug Europa toe is.

Die uitnodiging om aan die Vodacom-week deel te neem, is deur Heiner verwelkom. "Dit gaan groot pret wees. As ons eers weggespring het, is daar net een ding waaraan gedink word en dit is 'n sege," het hy sy teenstanders gewaarsku.

Heiner gaan sy besoek aan die Kaap ook gebruik om aandag te gee aan 'n projek om 'n Suid-Afrikaanse inskrywing te probeer kry in die volgende Volvo-wêreldvaart.

"'n Mens moet senuwees van staal hê om dit aan te pak. Daar moet eers gewerk word aan 'n goeie plan en dan moet moontlike borge genader word," het hy gesê.

Die sakeman David Gant is een van die groot dryfvere agter die projek wat gaan probeer om Suid-Afrikaanse seiljagvaart weer terug op die wêreldkaart te plaas.

Die deelnemende seiljagte (skippers) is: Amulet (Andrew Tozer), Appleton (Jeremy Franken), Brightwater Fox (Lood Rabie), Hill Billy (Peter Hill/Tony Kitchen), Lapwing (Robyn Keen); Monkeys in the Mist (Etienne van Cuyck), Palucci (Syd Kaye), Touch & Go (David Smith), Madonna (Dave Arnott), Megafreight (Jendo Ocenasek), Rhapsody (Paul van Ass), Aint Misbehavin (JJ Provoyeur), Solitaire (David Elcock), Ariel (Sheriff Saville), Ballyhoo Too (Roy Heiner), Handyman One Moonraker (Barry Kleu), Wizard (Jan Reuvers), Apricot (Bat Tromp), Merlin (Steve Koen), Umoya Omusha (Geoff Meek), Handyman (Willey Temple), Spilhaus (Ted Kuttel), Spectrum (Andy James), Donna Mia Sempre (Ian Ainslie), Sensation (Sieraj Jacobs), MIB (Roger Hudson), Swimlion (Jannie de Goede), Auto Atlantic Thunderchild (Rhett en Glenn Goldswain), Halali (Erich Lehmann), The Better Connection (Michael Robinson), Impact (Jackie Brand), Julie III (Robin Green), Sanfa Challenger (Andrew Edwards), FTI Flyer (Keith Mattison), Majimoto (Lindsay Birch), Canada Green Mr B (Johnathan Levin), Ingwe (John Kirkman), Cape Recife (Steven Bentley), Chen (Russell Vollmer), Ruach Resource Centre (Brent Gray), Orion Express (Mark Sadler), Hors de Oeuvre (Peter Bam), Salamander (Paul Dennet), Hot Ice (D. Turner/A. McFarlane), Bandito (R. Turner/N. Ormond), Lachllaine (H. Machlachlan/P. Wasserfall), Tenacity (Errol Stern), Boots (Johan Beyers), Colour of Magic (Doug Harrowsmith), Cathy (Johann Rabie), Greenlight (Dave Hudson/D. Rae), Baby J (Dale Hudson), Celine (Volker Vierhaus), Sétup (Greg Davis), Cabaray (Ray Matthews), JML 2 (Rolf Siebolt-Berry), Brilliance (Nicola Berry), Thirty Something (Martin Schultz).

Die Nederlandse vaarder Roy Heiner gister op Ballyhoo Too in die Royal Cape-seiljaghawe. Hy sal vandag as skipper op dié jag deelneem aan die eerste wedvaart van die Vodocom-seiljagweek.